



steedsHervormers

VOORSITTER

Dr J Otto

Tel: 012 734 1374

Sel: 082 767 7891

Epos: jotto1@absamail.co.za

SKRIBA

Ds FNS Marais

Sel: 082 747 4847

Epos: fransnhk@gmail.com

Posbus 910 303

Pyramid

Pretoria

0120

26 Maart 2012

Vir aandag: Bemiddelingskomitee
Dr PB Boshoff

Vir kennisname: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
Dr FJ Labuschagne

**AKKOMMODASIE VAN steedsHervormers BINNE DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK
VAN AFRIKA**

Kragtens die besluit van die Buitengewone AKV, het u dit weer eens duidelik gestel dat u, as Bemiddelingskomitee, die enigste gespreksgenote in die onderhandeling met die steedsHervormers is.

Ons wens u dus daarop te wys dat u versuim het om te reageer op die inhoud van paragraaf 1 en 5 soos uiteengesit in ons skrywe van 16 Maart 2012. Vir u duidelikheid die volgende aanhalings:

Par 1

In die gesprek het ons dit duidelik gestel dat ons van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verwag om binne 30 dae 'n beginselbesluit te neem of ons en ons standpunte binne die NHKA geakkommodeer gaan word of nie.

Par 5

In ons aanvanklike gesprek met die Bemiddelingskomitee het die komitee van steedsHervormers versoek dat ons binne 30 dae uitsluitel sal kry oor die akkommodasie van ons standpunte al dan nie. U reaksie op hierdie vraag sou die tafel dek vir verdere onderhandelinge. U het tot dusver geen antwoord op die volgende vraag gegee nie: "Is die steedsHervormers se standpunte vir die NHKA aanvaarbaar of nie en kan ons volledig as lidmate sowel as gemeentes binne die Hervormde Kerk geakkommodeer word?"

U is ons steeds 'n antwoord verskuldig.

Na aanleiding van u skrywe ontvang op 23 Maart 2012 net enkele sake ter opheldering:

1. Moet die datum van 30 Maart 2012 as sperdatum beskou word?
2. Wanneer is die geskeduleerde datum waarop die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vergader om ons voorgestelde reglement te hanteer?

Ons hoor graag van u.

Ds FNS Marais

Skriba

steedsHervormers.